KOMMUNIKASIEBELEID VAN DIE SAJWV

1. Konteks

Die SAJWV het as grootste nasionale jagtersvereninging 'n wye en omvattende kommunikasietaak ten opsigte van sy interne- sowel as sy eksterne omgewing. Beide die omgewings is kompleks en moet met groot omsigtigheid hanteer word sodat daar duidelikheid is oor die boodskap en beeld wat die SAJWV wil projekteer. As 'n nasionale jagtersvereniging moet die SAJWV met alle media skakel en sal daar noodwendig 'n afwenteling van verantwoordelikhede na takke en streke moet plaasvind.

2. Doelstelling

Die kommunikasiebeleid het ten doel om die visie en die missie van die SAJWV ten volle te laat realiseer binne die SAJWV en sy substrukture sowel as die eksterne omgewing waarin dit opereer.

3. Primêre kommunikasieverantwoordelikhede

Die primêre kommunikasie-verantwoordelikheid berus by **vier** instansies naamlik:

3.1 Die President: Die President is die beeld van die Vereniging en kan standpunt oor alle sake rakende die Vereniging neem in oorleg met die UK en die HUB. Sake waaroor die die President alleen mag kommunikeer sluit in:

- Korporatiewe strategie
- Konstitusionele aangeleenthede
- Inter-organisatoriese aangeleenthede (samewerkings-ooreenkomste, eenheidvorming,)

3.2 Die Vise-president Kommunikasie: Die VPK bestuur die Kommunikasieportefeulje in terme van die riglyne vervat in klousule 6.7.4 van die Interne Reëls van die SAJWV. Die portefeulje sluit die tydskrif in en spesifiek om te verseker dat die bepalinge van artikel 6.3 van die Aandeelhouersooreenkoms rakende die handhawing van kodes en standaarde van SAJWV in die publikasie ten alle tye gehandhaaf word.

Hy mag ook as nasionale segspersoon optree soos die behoefte ontstaan in oorleg met die President, of kan iemand in sy plek aanwys om dit te doen.

3.3 Die Uitvoerende Komitee: Die UK en indiwiduele lede van die UK het ook bepaalde kommunikasiefunksies binne ‘n bepaalde konteks of binne ‘n bepaalde portefeulje en hierdie funksies word altyd uitgeoefen in oorleg met die President, VPK en HUB.

3.4 Die Hoofuitvoerende Beampte: Die HUB is die segspersoon oor bestuursaangeleenthede binne die Vereniging in oorleg met die President en UK. Hy mag ook as nasionale segspersoon optree soos die behoefte ontstaan in oorleg met die President en VPK, of kan iemand in sy plek aanwys om dit te doen.

4. Sekondêre kommunikasieverantwoordelikhede

Binne die konteks van die bestaan van takke wat oor ‘n bepaalde selfstandigheid beskik, het takke ‘n sekondêre kommunikasieverantwoordelikheid. Takbesture mag dus alle kommunikasiekanale, media en prosesse volg en gebruik in terme van die bevordering en uitbouing van ‘n tak. Dit sluit skakeling met alle plaaslike media (radio en druk) in. Hierdie sekondêre kommunikasiefunksie sluit ook takwebwerwe (Websites) as ‘n kommunikasiefunksie in.

Takbesture mag egter nie uitsprake van enige aard maak aan enige media met betrekking tot:

- Sake van nasionale belang;
- Die beleide van die SAJWV;
- Korporatiewe strategië;
- Finansiële aangeleenthede;
- Standpunte van die UK;
- Kongresbesluite;
- Bestuursbesluite van Inyathi Park;

Sonder dat dit met die Vise-president Kommunikasie en die HUB uitgeklaar is nie en dat daar ‘n duidelike opdrag bestaan waarvolgens ‘n takbestuur kan optree.

5. Nasionale Kommunikasie-meganismes

5.1 Die SA Jagter/ SA Hunter. Die tydskrif is die primêre gepubliseerde kommunikasiemeganisme na die eksterne omgewing waarin SAJWV ‘n 50% aandeelhouding besit. Dit sal ook die amptelike kennisgewings van kongresse en ander belangrike funksies bevat.

5.2 Maandelikse taknuus. Die taknuus is die primêre intra-organisatoriese kommunikasiemedium van die SAJWV. Hoewel dit hoofsaaklik taknuus bevat, word daarin ook belangrike tersaaklike bedryfsinligting aan lede oorgedra.

5.3 Die SAJWV Webwerf. Die SAJWV webwerf is 'n dinamiese en aktiewe meganisme in die kommunikasieketting en word ontwikkel as 'n kragtige hulpmiddel in die kommunikasiestrategie en administratiewe prosesse.
Die webwerf het ten doel om selfadminitrasie deur lede te fasiliteer sowel as takaktiwiteite te administreer.
Alle takwebwerwe moet oor 'n skakel na die nasionale webwerf beskik en moet grafiese voorrang aan die korporatiewe beeld van die SAJWV gee.

5.4 Die maandelikse Communiqué. Na elke Kongres en na elke UK sal die VPK 'n kort verklaring uitreik van die belangrikste besluite van die UK geneem het en dit sal aan alle takbesture gesirkuleer word. Die Communique sal ook maandeliks vervat word in die taknuus. Die Communique moet 'n vaste agenda-item op die UK en elke takbestuursvergadering wees.

6. Nasionale dokumentasie en beleide

Met uitsondering van normale korrespondensie, sal geen verslag of dokument (ook opleidingsmateriaal) die interne of eksterne omgewings bereik sonder dat dit die goedkeuring van die VPK in oorleg met die HUB ontvang het nie. Hierdie proses het in die besonder die volgende oogmerke:

- Om die voorkoms en styl van die dokument te evalueer;
- Om die taal en taalversorging te evalueer;
- Om toe te sien dat dit in terme van 'n UK besluit of bestaande beleid uitgevaardig/ gepubliseer word;
- Om toe te sien dat die dokument die kommunikasiestrategie bevorder;
- Om sentrale koördinering en rekordering te bewerkstellig vir toekomstige verwysing.